HIER IS ONS STUUR ONS

OOSTELIKE SINODE

— HANDELINGE 2022 —

NG KERK

OOSTELIKE SINODE

HANDELINGE

VAN DIE TWINTIGSTE

SINODESITTING

WAT BY

PIERRE VAN RYNEVELD

PLAASGEVIND HET

1 tot 3 Augustus 2022

VOORWOORD

Die Sinode van 1 – 3 Augustus 2022 sal altyd 'n besondere herinnering in die harte van afgevaardigdes bly.

Die terugvoer wat ontvang is, bevestig die opgewondenheid oor 'n sinode wat gefokus het op ons roeping om die Evangelie te deel, om met omgee-harte na mense in die gemeenskap wat swaarkry, te kyk – en wat gemeentes wil ondersteun om elkeen 'n eie unieke verskil te maak dáár waar die Here hulle geplant het.

Baie dankie aan elkeen wat tot die vreugde van hierdie vergadering bygedra het.

DS FRANCOIS RETIEF
UITVOERENDE AMPTENAAR

INHOUDSOPGAWE

VOORAF

VOORWOORD

AGENDABOEK PROGRAM 1-62

BYKOMENDE VERSLAE

13. WOORDVERKONDIGING 63

14. IN MEMORIAM TWEE 66

15. BESKRYWINGSPUNT VAN RING VAN WAKKERSTROOM 67

16. EVALUERINGSVORM 68

NOTULE VAN DIE TWINTIGSTE VERGADERING 70

13. WOORDVERKONDIGING

Sorg vir jou skape. Esegiël. 34:1-8 en 15-16.

1. Nagevolge van die pandemie.

Die pandemie het ‘n ingrypende invloed om ons gemeentes, ons bediening en ons persoonlike lewens gehad. Hieroor sal ons meer nadink in die loop van die sinode. Party leraars het **siek** geword en ander geïsoleerd geraak en hulle sukkel om weer aan die gang te kom. Ander het moed **verloor** oor die verlies van lidmate en bydraes. Baie sukkel om aan te pas in die na Covid tyd en hoe om vorentoe aan te pas en nuwe planne te maak. Die vraag is of ons ons **visie** verloor het en of God vir ons ‘n nuwe visie vir die pad vorentoe het? Wat is tans op God se hart en wat is tans in jou gedagtes?

2. Wat oorheers jou gedagtes?

Wat is meestal in jou gedagtes? Wat sal mense sien as jou gedagtes op ‘n skerm geprojekteer word? Party mense het probleme, geld, familie, ‘n verhouding, die bediening, seks of hul gevoelens heeltyd op hul brein.

3. Wat het Jesus se gedagtes oorheers?

Mense was op Jesus se gedagtes. Jesus se omgee vir die een afgedwaalde (**Luk 15**) en die skare wat onversorg was, het sy hart in beroering gebring. **Mark.6: 34**. “Toe Jesus uit die skuit klim, het Hy 'n groot menigte mense daar gesien en Hy het hulle innig jammer gekry, want hulle was soos skape wat nie 'n wagter het nie. Hy het hulle toe baie uitvoerig begin leer.”

Die doel van Jesus se koms was t.w.v. mense. **Luk 19:10.** Daar is ‘n gevaar dat gelowiges al hoe minder getuig hoe langer hulle Christene is. As volgelinge van Jesus moet ons soos Jesus tot die einde van ons lewe met alles in ons omgee vir mense. Jesus het selfs aan die **kruis** gebid vir Sy ma wat alleen sou agterbly en ook vir die redding van die rower wat saam met Hom aan die kruis gehang het. Vgl. Annamari wat op haar laaste uitgereik het na die skoonmaker.

Is ons besig om vir mense te vertel dat Jesus ons gered het en van ons sondes verlos het en dat Hy leef om dit ook vir hulle te doen? Of het ons ons eie **verskonings** begin glo dat ons nie maklik hieroor kan praat en dat dit nie meer so nodig is om openlik te getuig nie?

4. God se Herdershart

God is soos ‘n Herder wat lief is vir sy skape en wat by hulle is en hulle nie ‘n oomblik uit die oog verloor nie. Hy is nie die afwesige vêraf God wat afsydig en verwyderd van ons leef nie. Ons leer vir God ken as die God wat elke haar op ons kop ken en vir ons omgee en wil sorg. ‘n Herder is heel **dag en nag** by sy skape. Hy ken hul by **name.** Hy is die God wat soos ‘n goeie Herder by Sy skape wil wees, hulle ken en versorg. God wil vir ons soos ‘n Herder sy skape naby Hom hê. Hy is bekommerd oor elke skaap wat weggedwaal en **verdwaal** geraak het op die heuwels en in die klowe. Hy is besorg oor elke skaap wat uitgehonger, **swak**, verwond, siek of in ‘n krisis is. Hy gee soveel om dat Hy ingryp en alles doen om die skape terug te kry in Sy kraal. In Sy liefde wil Hy vir hulle sorg en na groen weivelde van rus neem. Hy is die goeie Herder wat wil sorg dat niks vir Sy skape sal ontbreek nie. (**Ps. 23**) Hy wil hulle versterk en die swakkes versorg. Hy wil die wonde van die wat seer gekry het verpleeg. So leer ons vir God ken in **Eseg. 34:1-8 en 15-16** en ons sien hoe Sy liefde en besorgdheid ‘n ernstige waarskuwing rig.

5. Selfsug en versuim.

Hierdie is ’n **waarskuwing** dat die herders van Israel nie selfsugtig moet leef nie, maar moet omgee en sorg vir hulle skape. ’n Herder is verantwoordelik om vir sy skape te sorg. Ons moet die Goeie Herder se hart in ons omdra. Die Here kom roep die herders tot verantwoording omdat hulle nie meer sorg vir die skape nie, maar net oor hulle self en hulle eie behoeftes besorg is. Die herders leef selfgesentreerd en slag die skape om hulle **vleis** te eet en gebruik hulle melk en **wol** vir hulle eie behoeftes. Sommige herders is net besorg dat die gemeentelede moet toesien dat hulle hul salaris en voorregte moet bly kry. Teenoor hierdie slegte herders staan daar in **Joh. 10:11:** “Ek is die goeie Herder. Die goeie Herder lê sy lewe af vir die skape.” Jesus is soos die herder wat sy lewe waag op die berge en in die klowe om die een skaap te soek wat uit die 100 afgedwaal het. Jesus het uit Sy gemaksone beweeg om ’n verlore skaap te gaan haal, alleen by die **put**, by die **tolhek**, by die bad van Betesda, by die **viswater**s of in die wilde **vyeboom**. Jesus het uiteindelik gesterf aan die **kruis** van Golgota om die prys te betaal vir die sonde van die skape.

In plaas van ’n **passie** vir die skape het hierdie herders passiwiteit gehad. Die herders het net op hulle eie behoeftes en belange gekonsentreer en **gefokus** op hulle eie gemak en gerief. Hulle het naderhand net vir hulle self gelewe en nie eers meer die behoeftes en nood van die skape raakgesien nie. Die herders het nie eers agtergekom as party skape **swak** geword het omdat hulle geestelik honger en dors was nie. Hulle was blind vir ander skape wat deur die roofdiere aangeval is en **verwond** is en seergekry het as gevolg van onreg, slegte gebeure, verhoudings en selfs die dood. Die herders het nie eers agtergekom dat party skape fisies, geestelik en emosioneel **siek** geword het en genesing nodig gehad het nie. Die ergste was dat die herders nie eers die skape wat weggeraak het gemis het nie. Hulle het nie raakgesien dat party skape **afgedwaal** het en geestelik afgekoel het nie. Oor die verlore skape was hulle nie meer bekommerd nie.

6. Wie is jou skape?

Wie is die skape wat aan jou toevertrou is? Dit is jou gemeentelede maar ook die mense in die gemeenskap buite die kerk. Elkeen van ons is op een of ander manier ’n herder, want daar is skape wat aan ons toevertrou is vir wie ons verantwoordelik is en geestelik moet sorg. As kerkleier is ons skape die mense in ons gemeente en in ons huis. **Elke gelowige** het ’n verantwoordelikheid om vir ander geestelik te sorg. Wat gaan jy ophou doen en wat gaan jy nou meer begin doen? Bid. Bel. Skryf. Besoek. Beplan? Begin met kleingroepe?

As jy ‘n volgeling van Jesus wil wees dan moet jy soos Hy iets begin doen. **Doen iets!**

Hierdie waarskuwing is ’n oproep vir die herders om tot besinning en **bekering** te kom. Sien jy selfsug of versuim raak in jou eie lewe? Leef jy selfsugtig en selfgesentreerd en gee jy nie om vir mense om jou nie? Noem jy jouself ’n dissipel van Jesus, maar jy reik nie uit na die skape in nood nie? Het jy aanmekaar verskonings hoekom jy nie betrokke wil raak nie? Kyk jy ook soos die priester en die Leviet in **Luk. 10** eerder weg as jy iemand in nood sien lê langs die pad of reik jy uit soos die barmhartige Samaritaan?

Matt. 9:36-38: “Toe Hy die menigte sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie ’n wagter het nie.” Jesus het ontsteld geraak oor mense se geestelike nood en behoeftes. Jesus was so aangegryp deur mense se nood dat Hy hierna gebid het vir arbeiders en ook die 12 dissipels uitgestuur het na hierdie onversorgde skape toe. Jesus se dissipels het by Hom geleer om mense wat seer, siek, verlore en verdwaal is, raak te sien en iets vir hulle te doen.

7. Jesus die goeie Herder is hier

Miskien is jy nie gereed om uit te reik nie omdat jy self swak, verwond, verdwaal en siek geword het. Miskien voel jy dat niemand van jou weet of vir jou omgee nie. Jy wil uitreik maar is **self te swak** en siek. Is jy miskien op 'n plek waar jy êrens onder 'n bos lê en soos 'n skaap sonder 'n herder voel? Voel dit vir jou asof God nie vir jou liefhet en vir jou omgee nie? Is jou krisis, jou seer en jou swaar so erg dat dit vir jou voel asof God jou verlaat het? Die waarheid van God se Woord sê dat God nie vir jou vergeet of verlaat het nie. Die waarheid van Sy Woord is dat Hy by jou is al beleef jy dit nie. Hy steek Sy hande uit na jou om jou skoon te was en terug te bring na Sy kraal. Hy lê Sy hand op jou om jou te genees. Hy wil die onreg, die verwerping, die slegte dinge wat met jou gebeur het, kom heelmaak. Hy sien jou alleenheid en dat jy geestelik moeg, swak en uitgehonger is. Dis vir jou wat Hy nooi om na Hom toe te kom. Dis God self wat jou wil aanraak en genees. . **Matt 11:28 :** "Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee."

Al kan jy Hom nie sien nie, weet dat die goeie Herder hier by jou is. Hy wil jou terugbring na Hom toe, jou vertroos, genees en sterk maak sodat jy kan uitreik na ander.

Gebed.

Eseg. 34:1-8 en 15-16. Die woord van die Here het tot my gekom: 2"Mens, tree op as profeet teen die herders van Israel, **tree op as profeet** en sê vir hulle, vir die herders: So sê die Here my God: Ellende wag vir die herders van Israel wat net vir hulleself sorg! Moet herders dan **nie vir die kleinvee sorg** nie? 3Julle drink die melk, julle maak vir julle klere van die wol, julle slag die vetste kleinvee, maar julle sorg nie vir die kleinvee nie. 4Julle het nie die swakkes gehelp nie, julle het nie die siekes gedokter nie, julle het nie die wonde van dié wat seergekry het, versorg nie, julle het nie dié wat weggedwaal het, teruggebring nie, julle het nie dié wat weggeraak het, gesoek nie. Julle was harde en wrede regeerders. 5Die kleinvee was sonder herder en het **verstrooi geraak**, en toe hulle verstrooi raak, word hulle 'n prooi vir roofdiere. 6My kleinvee het rondgedwaal oor al die berge en oor al die hoë heuwels, hulle het verstrooi geraak oor die hele aarde en niemand het hulle gesoek of na hulle gevra nie."

7Daarom, herders, hoor die woord van die Here: 8"My kleinvee is uitgelewer en het die prooi van enige wilde dier geword; hulle is sonder herder, **sonder iemand wat na hulle soek**; die herders het vir hulleself gesorg en nie vir my kleinvee nie. So seker as Ek leef," sê die Here my God, "Ek sal die herders straf."

15Ek sal self my kleinvee se herder wees en hulle rustig laat lê en herkou," sê die Here my God. 16"Ek sal dié soek wat weggeraak het, dié terugbring wat weggedwaal het, die wonde versorg van dié wat seergekry het, die swakkes help. Maar Ek sal dié wat vet en sterk geword het, uitroei. Ek sal 'n herder wees wat reg laat geskied.

14. IN MEMORIAM TWEE

Johan Fourie
4 September 1941 – 24 Julie 2022

Johan word gelegitimeer in 1969

Gemeentes:
1969 Takuasa Kavangoland SWA
1974 Demissie verdere studie
1975 NGSK Hopefield
1980 Witbank-Klipfontein
1984 Witbank-Park
1994 Emeritus
1994 Witbank (Arbeidsbediening)

15. BESKRYWINGSPUNT VAN RING VAN WAKKERSTROOM

Tydelike Regskommissie

Die SDR het ‘n beskrywingspunt ontvang op 28 Julie 2022 om te dien op die Sinodesitting op 1-3 Augustus 2022.

Die beskrywingspunt lei as volg:

Die ring van Wakkerstroom rig ‘n dringende versoek aan die Oostelike Sinode om ‘n prominente rol te speel om toe te sien dat die Algemene Sinode spoedeisend uitsluitsel kan gee ten opsigte van die bediening van die sakramente en die lei van Kerkraadsvergaderings deur die geestelike werker, Pieter Marx, in die NG Gemeente Paardekop.

Na aanleiding van die Beskrywingspunt van die Ring van Wakkerstroom vanuit hul vergadering van 25 Julie 2022 is die advies van die Tydelike Regskommissie die volgende:

1. Die Kerkreg Diensgroep word getaak om die versoek so spoedig moontlik aan die ART en die Algemene Kuratorium te verwys.

2. Daar is tans nie ‘n kerkordelike weg wat ruimte maak vir geestelike werkers om die sakramente te bedien nie. Volgens Artikel 48.3.5 en Funksionele Besluit 12 (Riglyne vir bedienaars – Ouderlinge en Diakens.)

3. Bevoegdheid word deur die ATR en die Algemene Sinode bepaal en kan nie deur die Oostelike Sinode besluit word nie. Daarom sal dit spoedig verwys word na die ATR en Algemene Kuratorium

16. EVALUERINGSVORM

NG KERK OOSTELIKE SINODE
TERUGVOER
2022

NAAM (vrywillig)

Etes, klank, sang, fasiliteite, registrasie	**Was die logistieke reëlings vir jou 'n positiewe ervaring? Het dit vir jou goed verloop?** **Opmerkings?** **Voorstelle**	**MIN**		**BAIE**		
		1	**2**	**3**	**4**	
Tafelgesprekke	**Het die tafelgesprekke vir jou goeie waarde gehad?** **Voorstelle?**	**MIN**		**BAIE**		
		1	**2**	**3**	**4**	
Gesprekke oor missionale evangelisasie	**Hoe belangrik ag jy hierdie saak?** **Voorstelle?**	**MIN**		**BAIE**		
		1	**2**	**3**	**4**	
Gesprekke oor die sinode se fondse en ons Bydraes tot Gesamentlike Bediening	**Reken jy dat hierdie nuwe werkswyse julle gemeente sal help om die gesamentlike verantwoordelikhede teenoor die Sinode-familie na te kom?** **Opmerkings?**	**MIN**		**BAIE**		
		1	**2**	**3**	**4**	
Jou ervaring van ons toewydings-geleenthede	**Was dit vir jou 'n positiewe ervaring?** **Opmerkings**	**MIN**		**BAIE**		
		1	**2**	**3**	**4**	

Verslag oor 'n model vir gemeentes wat nie in verband met die Algemene Sinode wil wees nie	**Hoe belangrik reken jy is die voortsetting van hierdie gesprek?** **Opmerkings** **Voorstelle vir Sinodale Diensraad se verdere hantering?**	**MIN**		**BAIE**	
		1	**2**	**3**	**4**
CMR-aanbieding	**Was hulle aanbieding vir jou van waarde ten opsigte van julle gemeente se verhouding met CMR?** **Opmerkings**	**MIN**		**BAIE**	
		1	**2**	**3**	**4**
Gemeente-wees na die pandemie	**Het hierdie gesprek jou gehelp?** **Opmerkings**	**MIN**		**BAIE**	
		1	**2**	**3**	**4**
Verkiesing Sinodale Diensraad	**Was die proses vir jou sinvol?** **Voorstelle?**	**MIN**		**BAIE**	
		1	**2**	**3**	**4**
Sinodesitting se programinhoud	**Was die sinodesitting vir jou 'n positiewe en aangename ervaring?** **Wat sou jy anders wou hê?** **Wat het jou geïnspireer?**	**MIN**		**BAIE**	
		1	**2**	**3**	**4**

BAIE DANKIE VIR JOU DEELNAME AAN HIERDIE FEES VAN DIE SINODE-FAMILIE!
DIE SINODALE DIENSRAAD BID GEREELD VIR ONS GEMEENTES EN LERAARS.

NOTULE VAN DIE TWINTIGSTE VERGADERING VAN DIE OOSTELIKE SINODE WAT VANAF MAANDAG 1 AUGUSTUS 2022 TOT WOENSDAG 3 AUGUSTUS 2022 GEHOU IS

Hier is ek! Stuur my! Hier is ons! Stuur ons!

.

MAANDAG 1 AUGUSTUS 2022: EERSTE OGGENDSITTING

SESSIE 1

1. ONS SINODE FAMILIE VERGADER (Bladsy 11 tot 23)

Die Sinodale Diensraad lei die sinodesitting.

Die Voorsitter van die Sinodale Diensraad, Dirkie van der Spuy, heet almal om 10:05 by die sinodesitting welkom. Hy maak 'n praktiese reëling dat die sitting Dinsdagoggend om 09:00 begin. Hy doen 'n gebed.

Dirkie van der Spuy vra Pieter van Rooyen, voorsitter van die gemeenteraad, om namens die NG Kerk Pierre van Ryneveld die afgevaardigdes welkom te heet. Sy gebed vir die vergadering is dat ons alles tot eer van die Here sal doen.

Die Uitvoerende Amptenaar, Francois Retief, hanteer die konstituering.

KONSTITUERING

Alkmaar	Johannes Van der Merwe	Frank Erasmus
Amersfoort	Coenie Dafel	JJ Du Toit
Amsterdam	Jaap Naudé	
Badplaas		Marius Janse van Vuren
Basileia	Marius Nel Louis Cloete	 Jannie Rossouw
Barberton	Pieter Malherbe	Christiaan Coetzee

Belfast	Jan Potgieter	Christo Holtzhausen
Blinkpan		Rene Taljaard
Breyten	Marius Smit	
Bronkhorstspruit	Tertius Erasmus	Christo van Zyl
Burgersfort	Johan Koen	Divan Du Plessis
Carolina	Thinus Prinsloo	Johan Kruger
Chrissiesmeer		
Debruinpark-Ermelo	Dif Ehlers	
Dennesig	Vollie Gilfillan	Wessie Van der Westhuizen
Doornkloof	Emile Rademeyer Chris Swart Nelis Lindeque	Renita Jordaan Natasha Meyer
Elarduspark	Lieze Meiring Christian Oberholzer Maartje van der Westhuizen Danie Vermaak Leon Westhof	Marike Brink Delanie Bezuidenhout Kobus Labuschagne Leon Van den Berg
Ermelo	Jaco van Niekerk Luné Dorfling	Japie Celliers Willie Jacobsz
Ermelo-Oos		
Goedgegun-Swaziland		
Graskop	Joggie Prinsloo	Laetitia Prinsloo
Gravelotte		Cobus Van Jaarsveld
Groblersdal	Julian Olivier	Solly Ferreira
Hazyview	Sterns Pretorius	Charlotte Van Leeuwen
Hendrina	Tielman Roux	Rina Nagel

Kampersrus	Pieter Dorey	Carl Van Dalen
kerksondermure	Fanie Venter Colin Smith Neels Marais Stefan Fourie Gerrit Visser	Hermias Van Zyl Hannes Van Aswegen Carl Du Preez
Kloofsig		
Komatipoort	Chris Jacobs	
Kragveld		
Krielpark	Carine Botha	Yutani Strydom
Krugerwildtuin	Ryk Van Velden	
Laeveld		
Letsitele Elbert De Kock	Henk Van Rooyen	
Ligkruis Raymond Kramm		
Lux Mundi	Johan Taute Frikkie Coetzee Marco La Grange	Christo Botha Daan Klopper
Lydenburg	Johan Koen (jnr)	Ina Liebenberg
Lydenburg-Suid	Fred Wilson	Arnold Hartzenberg
Lynnwoodrif	Jorrie Potgieter Albert Grobbelaar	
Lyttelton	Landi Botha	Ian Weyer
Lyttelton-Noord	Gideon du Toit	Adriaan Nel
Machado-Boven		
Malelane	Petri Coetzee	Natasha Nel
Marble Hall		

Meyerspark	Derick Claassens	Allen Lourens
Middelburg	Anton Kemp	Gideon Du Plessis
Middelburg-Kanonkop	Casper Booy	Flip Luus
Middelburg-Suid	Hardus van Niekerk	Liezl Storm
Middelburg-Suid	Rika van Vuren Theo Homann	Monica Jenkins Lorraine Van Deventer
Midrand		
Moreletapark	Pieter Badenhorst Willem Badenhorst Ian Dubery PC Pretorius	Dirkie Van der Spuy Pieter Breytenbach Reenen Teubes Jan Van Jaarsveld Victor Cloete Jakes Naudé
Morgenzon	Dion Van Dyk	
Nelspruit	Jaco Strauss Anru Liebenberg JZ De Jager	
Nelspruit-Suid	Jean Strydom Louis Pienaar Gerrit Vosloo	Fanie Van Niekerk
Nelspruit-Westergloed	Eliska Muller	Jannie Muller
Nooitgedacht	Kobus Mey	Llewellyn Dippenaar
Ohrigstad	Johan Burger	Coleen Burger
Olifantsfontein		Danie De Beer
Paardekop		
Phalaborwa	Otto van Heerden	Lieliebet Van der Westhuisen

Pierre van Ryneveld	Henk Janse van Rensburg Anandie Greyling Arline Meyer	Willem Steyn Jeanette Coetzee Susanne Jacobs
Piet Retief	Hancke Van Blerk Meyer van Wyk	Linda Van Vreden
Premiermyn	Charl Bredell	Jan Breytenbach
Pretoria-Faerie Glen	Dieter De Bruin	Robert Meintjies
Pretoria-Garsfontein		Stephan Strydom
Pretoria-Oosterlig		André Rautenbach
Rayton	Chris Lötter	Thomas Kruger
Rietkuil		
Roossenekal		
Sabie	Uli Trümpelmann	Nick Krause
Silvertonkruin	Vanwyk Fischer	Andri Swanepoel
Skuilkrans	Gerrie Bodenstein Johan Louw Yolandé Giliomee Nico Swart	Gerrie Cilliers Piet Meiring Deon Van Garderen
Tygerpoort	Zander van der Westhuizen Wouter van Wyk Karin Steyn	Francois Retief Olga Ludwick Sonnika Nel
Tzaneen	Chris Zietsman	Willem Venter
Tzaneen-Wolkberg	Adriaan van Tonder	Kobus Janse van Rensburg
Valleisig	André de Villiers Dewald Niemandt Doret Niemandt	Nelia de Villiers Johann Vermeulen Carli Fourie
Voetspore Gemeenskapskerk	Manie Groenewald	Heinrich Momberg
Volksrust	Charl van Schalkwyk	Pieter Schoeman

Wakkerstroom	Paul Joubert	Corneels Greyling
Witbank	Jim de Villiers Peet Boshoff	Tol Booyens Koos Lübcker
Witbank-Panorama	Willem Esterhuizen Dawie Nieuwoudt	Johan Stemmet Johan Du Preez
Witbank-Suid	Maans Van Zijl Danie du Preez	Chrisjan Boshoff
Witbank-Vallei	Hannes Grobler	Marius Els
Witrivier	Jurgens De Jager Eddie Le Roux Jaco Putter	Thabo Pienaar Amanda Brugman Elize Gouws

Verskonings hele sitting

Amsterdam - Emile Fölscher
Baseleia - Anet Jansen
Debruinpark-Ermelo - Riaan Janse van Rensburg
Komatipoort - Chris Basson
Lux Mundi - Denise van Zyl
Paardekop - Pieter Marx
Paardekop - Neels Jooste
Skuilkrans - Willem Boshoff

Verskonings – Maandag

Ermelo-Oos - André Vermeulen
Ermelo-Oos - Lizari Dippenaar
Lux Mundi - George Andrews
Lux Mundi - Rayline Coetzee
Lynnwoodrif - Johan van der Merwe

Getal

Uit die 214 afgevaardigdes is 192 teenwoordig. Dit is meer as tweederdes (160) van die afgevaardigdes (Punt 3.1.3 van die Reglement vir Orde "*'n Meerdere vergadering konstitueer wanneer ten minste twee derdes van die afgevaardiges teenwoordig is*"). Die vergadering word wettig gekonstitueer om 10:20.

Heléne Meissenheimer en Le Roux Schoeman van die Kerkbode word verwelkom.

1.3.3 VERKLARING

Die Voorsitter verklaar die sinodesitting as wettig gekonstitueerd.

--ooOoo--

1.4 PRAKTIESE REËLINGS (Bladsy 22)

Francois Retief tref 'n aantal praktiese reëlings.

Kenmekaar rondom tafels

Hoe gaan dit met jou en jou mense?
Waarvoor is jy vandag baie dankbaar?

--ooOoo--

Lofprysing en sang onder leiding van Zander van der Westhuizen en sy span.

Die voorsitter van die Sinodale Diensraad, Dirkie van der Spuy, hanteer die opening van die vergadering. Die tema is "Sorg vir jou skape" vanuit Esegiël 34:1-8 & 15-16. Die prediking word aangeheg as 14. WOORDVERKONDIGING.

Dirkie van der Spuy doen 'n gebed.

1.7 IN MEMORIAM (Bladsy 23) en
14. IN MEMORIAM TWEE (Bladsy 66)

Ons eer die Here vir kollegas wat as leraars in Oostelike Sinode geëmeriteer het. Die Here gee steeds die vrug op hulle werk...

Die volgende leraars wat in Oostelike Sinode geëmeriteer het, is sedert Oktober 2018 oorlede.

Ronald Murray (3 April 1938 – 29 Maart 2022)
Tewie Willemse (15 April 1951 – 2 Junie 2022)
Johan Fourie (4 September 1941 – 24 Julie 2022)

Die afgevaardigdes staan in eerbetoon. Francois Retief doen 'n gebed.

--ooOoo--

SESSIE TWEE

16. BESKRYWINGSPUNT RING VAN WAKKERSTROOM

'n Laat stuk is ontvang vanaf Wakkerstroom. Dit word verwys na die Regsdiensgroep.

--ooOoo--

Dirkie van der Spuy stel Francois Retief aan die woord.

2. VERKIESING VAN DIE SINODALE DIENSRAAD (Bladsy 25)

Francois Retief hou die voorgestelde veranderinge aan Reglement 2 aan die vergadering voor.
Na die hantering van die verslag word geleentheid gegee vir Tafelgesprekke.

Afgevaardigdes kry geleentheid vir terugvoer.

AMENDAMENT 1: Verkiesing Sinodale Diensraad
Nommer van Agenda: 2 Punt 2.2.6.2

REGLEMENT 2: VOORGESTELDE REGLEMENT VIR DIE SINODALE DIENSRAAD

1. SAMESTELLING SINODALE DIENSRAAD

1.1 Die Sinode verkies die **voorsitter** en **ondervoorsitter** van die Sinodale Diensraad, wat ook as voorsitter en ondervoorsitter van die daaropvolgende sinodesitting dien. Hierdie persone is nie herkiesbaar **in die daaropvolgende termyn** in dieselfde posisie nie.

1.2 Die Sinode verkies **sewe sinodale** verteenwoordigers met sekundi vir die Sinodale Diensraad. Twee van die sewe sinodale verteenwoordigers (asook twee sekundi) moet ouderlinge/diakens wees wat nie predikants- of proponentsbevoegdheid het nie.

1.3 Elke **Ring wys 'n Sinodale verteenwoordiger** met 'n sekundus aan om op die Sinodale Diensraad te dien.

1.4 Die **Kerkregkundige** word deur die Sinodale Diensraad aangewys en as volwaardige lid gekoöpteer.

1.5 Die **voorsitters van bedieninge** word vir 'n bepaalde termyn as lede van die Sinodale Diensraad gekoöpteer.

1.6 Die verkose Sinodale verteenwoordigers word vir 'n termyn van vier jaar verkies.

Voorsteller: PC Pretorius Sekondant: Willem Esterhuizen

Die vergadering stem by wyse van die kleurkaarte om die wysigings soos aangebring goed te keur as besluit van die vergadering.

2.3 AANBEVELING – goedgekeur

Die Sinode oorweeg die wysiging van Reglement 2 soos voorgehou, keur dit goed en implementeer die besluit dadelik in die verkiesing van leiers vir Oostelike Sinode tydens hierdie sitting.

--ooOoo--

5. AFVAARDIGING NA ALGEMENE SINODE 2023 (Bladsy 34-35)

Francois Retief hanteer die verslag.

5.8 AANBEVELING - goedgekeur

Die vergadering besluit dat elke Ring 'n leraar en 'n kerkraadslid-afgevaardigde (met sekundi) aanwys uit persone wat nie by die vorige sitting van die Algemene Sinode was nie. (Bepaling 38.2.4 en 38.3.4) Die Sinodale Diensraad finaliseer dan – nadat die presiese kwota van die Algemene Sinode af ontvang is én met inagneming van ons voorkeur dat alle Ringe verteenwoordig behoort te wees – die afvaardiging.

--ooOoo--

3. VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD (Bladsy 28-32)

Francois Retief lê die verslag aan die vergadering voor met die volgende twee regstellings:
3.9 Regstelling word gemaak. Die kerkraad van *Burgersfort* het die beskrywingspunt ingedien.
3.16 Regstelling gemaak: Voetspore Gemeenskapskerk.

Na 'n tafelgebed deur Jean Strydom verdaag die sitting vir middagete.

--ooOoo--

MAANDAG 1 AUGUSTUS 2022: EERSTE MIDDAGSITTING

Die sitting hervat om 13:30.

--ooOoo--

PERSONEEL

Laat registrasie

Moreletapark		Pieter Badenhorst
Pretoria-Garsfontein	-	Jaco Barnard
Pretoria-Oosterlig	-	Roedolf Botha

--ooOoo--

Dirkie van der Spuy verwelkom ds Charl de Kock van die Bybelgenootskap. Almal het 'n eksemplaar van die 2020 Afrikaanse Bybel as geskenk ontvang.

Ds Charl de Kock doen 'n aanbieding oor die werk van die Bybelgenootskap.

Dirkie van der Spuy bedank Charl de Kock.

--ooOoo--

Kenmekaar van nuwe leraars sedert Sinode 2018. Leraars met vanne A-G kom vorentoe en stel hulle self voor.

André de Villiers – Valleisig
Derick Claassens – Meyerspark
Dieter de Bruin – Pretoria-Faerie Glen
Gerhard Green (afwesig) – Amersfoort
Johan Burger – Ohrigstad
JZ de Jager – Nelspruit
Landi Botha – Lyttelton
Luné Dorfling – Ermelo
Petri Coetzee – Malalane
Rayline Coetzee (afwesig) – Lux Mundi
Roedolf Botha – Pretoria-Oosterlig
Stefan Fourie – kerksondermure
Victor Cloete – Moreletapark
Vollie Gilfillan – Dennesig
Willem Boshoff – Skuilkrans

Yolandi Giliomee – Skuilkrans

--ooOoo--

VERKIESING VAN DIE VOORSITTER

Ds Dirkie van der Spuy stel ds Francois aan die woord om die proses te verduidelik.

Die volgende Predikante word genomineer:
Tertius Erasmus - Bronkhorstspruit
Johan Koen – Burgersfort
Maartje van der Westhuizen - Elarduspark

Die vergadering gaan oor tot stemming.

--ooOoo--

16. DIE BESKRYWINGSPUNT VAN DIE RING VAN WAKKERSTROOM (Bladsy 67 tot 68)

Die beskrywingspunt van die ring van Wakkerstroom word voorgehou. PC Pretorius gee namens die Tydelike Regsdiensgroep terugvoer. Die Regsdiensgroep sal dit verwys na die Algemene Sinode omdat dit nie op hierdie sinode goedgekeur kan word nie. Die vergadering keur dit goed om aanbeveling te verwys na die Algemene Sinode.

--ooOoo--

3. VERSLAG VAN DIE SINODALE DIENSRAAD (Bladsy 28-32) (vervolg)

Francois Retief gaan aan met die verslag van die Sinodale Diensraad.

Dirkie van der Spuy bedank Francois vir die verslag en vir sy werk in die sinodehuis.

Dirkie gee geleentheid vir gesprek.

--ooOoo--

4. VERSLAG OOR DIE BEDIENINGE (Bladsy 33)

Ds Dirkie van der Spuy stel ds Francois Retief aan die woord. Tafelgesprekke word gehou by punt 4.

--ooOoo--

VERKIESINGS VAN DIE VOORSITTER (2)

Die resultaat van die stemming was dat daar gestem moet word tussen Tertius Erasmus en Maartje van der Westhuizen.

Dirkie van der Spuy gee geleentheid vir terugvoer vanaf die tafels van die bespreking by verslag 4.

--ooOoo--

Ken mekaar nuwe leraars H – Z

Chris Jacobs – Komatipoort
Paul Joubert – Wakkerstroom
Johan Koen (Jnr) – Lydenburg
Daan Klopper – Lux Mundi
Marco la Grange – Lux Mundi
Julian Olivier – Groblersdal
Teodor van der Spuy (afwesig) – Moreletapark
Ryk van Velden – Krugerwildtuin
Meyer van Wyk – Piet Retief
Neels Marais – kerksondermure
Gerrit Visser – kerksondermure
Arline Meyer – Pierre van Ryneveld
Jaco Putter - Witrivier

Die vergadering stem 'n derde keer vir Voorsitter na 'n staking van stemme tussen Tertius Erasmus en Maartje van der Westhuizen.

Die Sitting verdaag om 15:20 vir koffietyd.

--ooOoo--

MAANDAG 1 AUGUSTUS 2022: TWEEDE MIDDAGSITTING

Die sitting hervat om 16:00.

Tertius Erasmus word aangewys as Voorsitter. Tertius word geleentheid gegee om die vergadering toe te spreek. Dirkie van der Spuy wens Tertius geluk en wens hom sterkte toe.

--ooOoo--

Nominasies vir Onder-Voorsitter

Die volgende persone word genomineer vir Onder-Voorsitter : Johan Koen; Maartje van der Westhuizen. Na stemming word Maartje van der Westhuizen verkies tot Onder-Voorsitter.

--ooOoo--

6. DIE OOSTELIKE SINODE SE BELEID OOR FONDSE (Bladsy 36) en

Francois Retief lewer verslag oor Verslag 6.

--ooOoo--

7. BYDRAES TOT GESAMENTLIKE BEDIENING (BGB) (Bladsy 44)

Francois Retief lewer verslag oor Verslag 7.

--ooOoo--

Die vergadering voer uitvoerig gesprek oor die twee verslae.

Die voorsitter reël dat daar gestem word oor die twee aanbevelings:

6.4 AANBEVELING: goedkeur

Die Sinode keur die inhoud van "Die Oostelike Sinode se beleid oor fondse" goed as beleidsdokument en neem dit op in die Familiereëls van Oostelike Sinode.

7.8 AANBEVELING: goedgekeur

Die Sinode keur die voorgestelde gewysigde model vir die berekening van Bydraes vir Gesamentlike Bediening goed en implementeer dit met ingang 1 Maart 2023.

VOORSTEL 2 – nie goedgekeur

Sinode se Beleid oor Fondse

Nommer van Agenda: 6 Punt 6.2.2.1.3

Gemeentes wat nie meer 'n enkel-pos vir 'n leraar kan bekostig nie, word 100% vrygestel van Sinodale Bydraes

Voorsteller: PJ Dorey Sekondant: AJP van Tonder

Stemproses

Nominasies vir 5 gelegitimeerdes.

17 name van genomineerdes word voorgehou:

Anandi Greyling
Dif Ehlers
Fred Wilson
Frikkie Coetzee
Hancke van Blerk
Hardus van Niekerk
Johan Koen (Snr)
Johan Koen (Jnr)
Julian Olivier
Louis Pienaar
Marius Nel
Meyer van Wyk
Nico Swart
PC Pretorius
Rika van Vuren
Willem Badenhorst
Zander van der Westhuizen

--ooOoo--

VERDAGING

Tertius Erasmus sluit om 18:11 af met die Aandgebed.

DINSDAG 2 AUGUSTUS 2022: EERSTE OGGENDSITTING

PERSONEEL

Laat registrasie

Ermelo-Oos	-	Lizari Dippenaar
Ermelo-Oos	-	André Vermeulen
kerksondermure	-	Christo Niemand
Lux Mundi	-	Rayline Coetzee
Pretoria-Oosterlig	-	NC Muller
Valleisig	-	Stefan Roos

Wysigings

Silvertonkruin	-	Kotie Oberholzer in plek van Andri Swanepoel

Verskonings

Witbank-Vallei	-	Marius Els

--ooOoo--

Die Voorsitter, Dirkie van der Spuy heet almal om 09:00 welkom en open met 'n gebed.

--ooOoo--

Lofprysing word gelei deur Zander van der Westhuizen en span.

--ooOoo--

Dirkie van der Spuy stel Leon Westhof aan die woord om die toewyding te hanteer (Wandel in die Woord). Die boodskap kom uit Filippense 2:5-11.

--ooOoo--

'n Tweede stemming vir gelegitimeerdes vind plaas vanuit die volgende persone : Willem Badenhorst; Frikkie Coetzee; Anandie Greyling; Johan Koen(snr) Zander van der Westhuizen; Hardus van Niekerk; Fred Wilson.

--ooOoo—

GEMEENTE AS EVANGELIS: MISSIONALE EVANGELISASIE TAAKSPAN

Roedolf Botha, Frikkie Coetzee en Leon Westhof lei die temas in en gee ook geleentheid vir gesprekke aan tafel.

--ooOoo--

VERKIESINGS VAN GELEGITIMEERDES (2)

Die volgende persone is verkies tot die Sinodale Diensraad :

Primarii: Frikkie Coetzee; Anandie Greyling; Zander van der Westhuizen; Hardus van Niekerk; Fred Wilson.

Sekundi: Willem Badenhorst en Johan Koen (Snr).

--ooOoo--

Dirkie van der Spuy sluit die sessie af.

Die vergadering verdaag vir tee om 11:00.

--ooOoo--

DINSDAG 2 AUGUSTUS 2022: TWEEDE OGGENDSITTING

Die sitting hervat om 11:35.

--ooOoo--

Dirkie van der Spuy stel die Missionale Evangelisasie Taakspan aan die woord vir hulle tweede sessie.

Dirkie van der Spuy bedank die aanbieders van sessies 5 en 6.

--ooOoo--

Stemproses: Nie-Gelegitimeerdes (1)

Die groslys vir die verkiesing is as volg:
Pieter Breytenbach – Moreletapark
Divan du Plessis - Burgersfort
Carl du Preez - kerksondermure
Danie du Preez – Witbank-Suid
Sonnika Nel – Tygerpoort
Liezl Storm - Middelburg-Suid

Cobus van Jaarsveld – Gravelotte

--ooOoo--

8. SINOOS SEËN (Bladsy 51 tot 52)

Dirkie van der Spuy gee Francois Retief geleentheid om Verslag 8: SinOos Seën (SOS fonds) – bl 51-52 toe te lig.

--ooOoo--

Gerrit Vosloo doen tafelgebed. Die vergadering verdaag vir middagete.

--ooOoo--

DINSDAG 2 AUGUSTUS 2022: EERSTE MIDDAGSITTING

Die sitting hervat om 14:00.

--ooOoo--

Uitslag van die tweede stemming vir Nie-Gelegitimeerdes:

Primarius-lede:
Carl du Preez
Sonnika Nel

Sekundus-lede:
Liezl Storm
Cobus van Jaarsveld

--ooOoo--

14:10 WEGBREEKSESSIE IN RINGSVERBAND

Die Ringe vergader afsonderlik om gesprek oor kerkverband te voer,
Gesprek: waarde wat ringe tot gemeentes kan toevoeg
Gesprek: waarde wat ringe tot sinode kan toevoeg
Gesprek: waarde wat ringe en sinode tot gemeentes kan toevoeg

Die Ringe wys die volgende persone aan:
Ring se sinodale verteenwoordiger op Sinodale Diensraad
Ring se afgevaardigdes na Algemene Sinode 2023

--ooOoo--

Die vergadering verdaag vir koffie om 15:30.

--ooOoo--

DINSDAG 2 AUGUSTUS 2022: TWEEDE MIDDAGSITTING

Notule Dag 1.

Die notule van die eerste dag word voorgehou en goedgekeur.

--ooOoo--

10. VORDERINGSVERSLAG OOR MOONTLIKHEDE VIR GEMEENTES WAT NIE MEER DEEL VAN DIE ALGEMENE SINODE-VERBAND WIL WEES NIE. (Bladsy 54)

Francois stel die verslag aan die orde.

Dis 'n vorderingsverslag - daar word nie nou hieroor besluite geneem nie - slegs 'n prosesvoorstel dien.

10.12 AANBEVELING 1 - Goedgekeur

Die Sinode neem kennis van die verslag soos voorgehou.

10.13 AANBEVELING 2 - Goedgekeur

Die Sinode gee goedkeuring vir die proses-voorstel in 10.11 van die verslag.

Persone word genooi om deel te word van die span: Louis Cloete, Julian Olivier, Johan Koen (jnr), Gideon du Plessis.

--ooOoo--

11. OM GEMEENTE TE WEES NA 'N PANDEMIE (Bladsy 58)

Dirkie stel Johan Koen aan die woord om die verslag te hanteer. Johan doen 'n aanbieding en vra dat slegs aanbeveling 11.6.1.2 dien.

11.6 AANBEVELINGS

11.6.1 Met die inligting uit die tafelgesprekke verkry reël die Sinode 'n groter gesprek oor Ekklesiologie met die fokus: het ons praktyk van kerkwees dit moeilik gemaak om steeds kerk te wees? – Kennis geneem.

11.6.1.1 Die Sinode besluit om kundiges te kry wat met predikante in 'n werkswinkel-konteks praat oor roeping en gawes – Kennis geneem.

11.6.1.2 Die Sinode besluit dat 'n kreatiewe wyse gevind moet word om na die geestelike en emosionele ondersteuning van predikante om te sien – Goedgekeur.

Johan Koen doen 'n gebed.

--ooOoo--

Dirkie van der Spuy vra dat die vergadering afsluit met die lied "Hy is Heer."

Aandgebed – Maartje van der Westhuizen gaan voor met die Onse Vader gebed.

WOENSDAG 3 AUGUSTUS 2022: EERSTE OGGENDSITTING

PERSONEEL

Wysigings

Lux Mundi – George Andrews in plek van Denise van Zyl
Pretoria-Oosterlig – Irma de Graaf in plek van NC Muller

Verskonings

Moreletapark - PC Pretorius (hele dag)
Wakkerstroom - Paul Joubert (vanaf 10:00)
Wakkerstroom – Corneels Greyling (hele dag)

--ooOoo--

Die Voorsitter, Dirkie van der Spuy heet almal om 09:00 welkom.

Die tafels kry geleentheid om met mekaar te deel wat vir hulle besonders was tydens die Sinode. Hy begin die sinode met gebed.

--ooOoo--

Lofprysing deur Zander van der Westhuizen en sy span. Dirkie van der Spuy bedank die musiekspan.

--ooOoo--

Dirkie van der Spuy stel Eddie le Roux aan die woord vir die toewyding.

Hy bied die sessie aan uit verskeie Skrifgedeeltes: Matteus 9 :25, 2 Tessalonisense 3:10, Handelinge 20:35 en Efesiërs 4 met die tema: "Wie gee, groei."

Sy pleidooi aan die Sinode is dat ons hande met die CMR sal neem en ons nouer saam sal werk.

Dirkie van der Spuy bedank Eddie le Roux vir die opening.

--ooOoo--

12. OOSTELIKE SINODE SE GEMEENTES VAT HANDE MET DIE CHRISTELIKE MAATSKAPLIKE RAAD (CMR) (Bladsy 62)

Eddie le Roux verwelkom die Direkteure van CMR Gauteng-Oos (Henda van der Merwe) en CMR Mpumalanga (Sonja van Niekerk.)

Henda van der Merwe is eerste aan die woord.

Hulle aanbieding begin deur middel van 'n rolspel met "mev. Koekemoer" wat die vergadering laat skater.

Henda van der Merwe stel die span teenwoordig voor: René du Preez, Pinky Legoba, Magriet Pretorius, Annalise Aucamp.

Sonja van Niekerk bedank die vergadering vir die hartlike verwelkoming.

Henda van der Merwe bedank almal teenwoordig wat betrokke is by die CMR en die ondersteuning.

Eddie le Roux sê dat die C in die CMR het amper weggeval. (Christelike Maatskaplike Raad)

Hy beskryf die rol van Maatskaplike werkers en hulle funksie in Suid-Afrika. Die werk van die CMR is professioneel en die kwaliteit daarvan is baie hoog. Daar word 'n kort video gespeel oor CMR-Oos en hulle werk. Hy noem al die kantore in die CMR streke. Hy verduidelik die rol van Oostra.

Hy sluit af met 'n gebed.

Dirkie van der Spuy bedank Eddie le Roux en die CMR span vir die aanbieding en hulle werk. Jurgens de Jager bedank die span van die CMR en doen 'n gebed vir hulle.

--ooOoo--

Ds Francois stel die leraars wat uit diens tree tot en met 2024 voor: Chris Bester; Louis Cloete; Leon Westhof; Arnau v Wyngaard; Thinus Prinsloo; Stefan Joubert; Hannes Grobler; Jurgens de Jager; Willem Boshoff; Francois Retief; Eddie le Roux; Hennie de Vos; Bennie Mostert; Charl Bredell; Pieter Malherbe; Jim de Villiers; Pieter Dorey; Johan Taute.

Marius Janse van Vuren (Badplaas) doen 'n gebed vir hulle.

--ooOoo--

16. TERUGVOERVORMS wat in die mandjies is, word voltooi en opgeneem.

--ooOoo--

Landi Botha stel die Ekofaktor kamp van 2 - 5 Oktober vir Gr 5 - 6 leerders bekend.

--ooOoo--

Die vergadering verdaag 11:00 vir teetyd met ietsie te eet.

--ooOoo--

WOENSDAG 3 AUGUSTUS 2022: TWEEDE OGGENDSITTING

Die sitting word hervat om 11:30.

Notule Dag 2

Die notule van die tweede dag word voorgehou en goedgekeur.

Voorstel – Goedgekeur

Die vergadering gee die mandaat aan die Sinodale Diensraad om die volledige notule goed te keur.

--ooOoo--

Die nuutgekose Sinodale Diensraad vir die volgende vier jaar is soos volg:

Voorsitter:	Tertius Erasmus
Onder-Voorsitter:	Maartje van der Westhuizen
Gelegitimeerdes:	Frikkie Coetzee (prim)
	Anandie Greyling (prim)
	Zander van der Westhuizen (prim)
	Hardus van Niekerk (prim)
	Fred Wilson (prim)
	Willem Badenhorst (sek)
	Johan Koen (Snr) (sek)
Nie-Gelegitimeerdes:	Carl du Preez (prim)
	Sonnika Nel (prim)
	Liezl Storm (sek)
	Cobus van Jaarsveld (sek)

RING:-	**(Prim)**	**(Sek)**
Barberton	Louis Pienaar	Jaco Putter
Elarduspark	JI de Wet	NC Müller
Ermelo	Dif Ehlers	Jaco van Niekerk
Koninkryksvennootskap	Willem Badenhorst	PC Pretorius

Laeveld	Adriaan van Tonder	Chris Zietsman
Lydenburg	Johan Koen (Snr)	Johan Koen (Jnr)
Lyttelton	Emile Rademeyer	Arline Meyer
Middelburg	Julian Olivier	Rika van Vuren
Pretoria-Faerie Glen	Carli Fourie	Daan Klopper
Silverpark	Nico Swart	Gerrie Bodenstein
Wakkerstroom	Hancke van Blerk	Paul Joubert
Witbank	Marius Nel	Carine Botha

--ooOoo--

Afgevaardigdes na die Algemene Sinode 2023

RING:-	**PREDIKANT (Prim)**	**PREDIKANT (Sek)**
Barberton	Johannes van der Merwe	Sterns Pretorius
Elarduspark	Stefan Fourie	Gerrit Visser
Ermelo	Tielman Roux	Luné Dorfling
Koninkryksvennootskap	Willem Badenhorst	PC Pretorius
Laeveld	Adriaan van Tonder	Chris Zietsman
Lydenburg	Uli Trümpelmann	Johan Koen (Jnr)
Lyttelton	Gideon du Toit	Chris Swart
Middelburg	Vollie Gilfillan	Julian Olivier
Pretoria-Faerie Glen	Johan Taute	Jaco Barnard
Silverpark	Nico Swart	Gerrie Bodenstein
Wakkerstroom	Charl van Schalkwyk	Meyer van Wyk
Witbank	Carine Botha	Peet Boshoff

RING:-	**KERKRAAD (Prim)**	**KERKRAAD (Sek)**
Barberton	Natasha Nel	Frank Erasmus
Elarduspark	Delanie Bezuidenhout	Leon van den Berg
Ermelo	Rina Nagel	Marius Janse van Vuren
Koninkryksvennootskap	Pieter Breytenbach	André Vermeulen
Laeveld	Cobus van Jaarsveld	Carl van Dalen
Lydenburg	Ina Liebenberg	Divan du Plessis
Lyttelton	Willem Steyn	Renita Jordaan
Middelburg	André van der Westhuizen	Theo Homann
Pretoria-Faerie Glen	René Coetzee	Stephan Strydom
Silverpark	Dries de Kock	Olga Ludwick
Wakkerstroom	Coenie Dafel	Pieter Schoeman
Witbank	Danie du Preez	Johan Stemmet

--ooOoo--

Francois Retief doen die bedankings: Pierre van Ryneveld gemeente, Lofprysingspan, Voorsitter ds Dirkie van der Spuy, Sinodale Diensraad vir reëlings, Kerkbode, Aan gemeentes, Personeel van die Sinodehuis, Tielman Roux Hendrina gemeente vir hulp by Notulering. Ds Dirkie van der Spuy bedank vir Francois Retief.

Francois Retief roep al die lede van die Sinodale Diensraad vorentoe en Jurgens de Jager doen 'n gebed.

--ooOoo--

AFSLUITING

Die afsluiting om 12:00 word deur Zander van der Westhuizen en sy span hanteer.

Om 12:23 vra Tertius Erasmus almal om op te staan en dat hulle in Ringsverband mekaar sal omhels. Hy bid die gebed van Fransiskus van Assisi. "Hier is ons! Stuur ons!"

Maartje van der Westhuizen spreek die seën uit en die vergadering verdaag om 12:28.

--ooOoo--